G.P.-S.5728720—1964-65—10.000. K.L. 14.

36

Lêernr.
File No. 4/1/2

# DEPARTEMENT VAN KLEURLINGSAKE.
# DEPARTMENT OF COLOURED AFFAIRS.

MINISTER VAN KLEURLINGSAKE
KAAPSTAD
31-3-1967
CAPE TOWN
MINISTER OF COLOURED AFFAIRS

ONDERWERP
SUBJECT: JAMESTOWN, DISTRIK STELLENBOSCH : TOEKOMSTIGE GROEPSKARAKTER.

DIE MINISTER.

1. Sedert middel 1966 stel die Groepsgebiederaad ondersoek in om binne die streek Somerset-Wes, Stellenbosch, Kraaifontein, Kuilsrivier, D.F. Malan-lughawe en die see, op streekbasis sekere landelike bruin kolle tot groepsgebiede vir Blankes te verklaar.

2. Hierdie Departement het slegs kommentaar ten opsigte van Jamestown wat as moontlike gebied onder die Wet op Landelike Kleurlinggebiede (Wet No. 24 van 1963) nader oorweging verdien.

3. Jamestown is geleë ongeveer 3 myl van Stellenbosch aan die bergkant van die pad na Somerset-Wes. Dit word bewoon deur 181 Kleurling-gesinne met 'n sieletal van ongeveer 1,145, waarvan 190 werkende manspersone is en 20 pensionarisse. Ongeveer 70 mans boer met aarbeie, groente en blomme en doen ook seisoenswerk op Blanke plase, terwyl ongeveer 120 mans en 47 vrouens elders werk. Daar woon ook 3 Blanke gesinne.

4. Jamestown, groot ongeveer 100 morg, en afdelingsraadwaardasie van R165,000, het in 1902 ontstaan toe Eerw. WEBER, 'n sendeling van die Rynse N.G. Sendinggemeente, en 'n sakeman van Stellenbosch, die grond aangekoop het om 'n heenkome aan die Gekleurdes te bied wat destyds baie moeilik 'n bestaan kon vind.

Die grond is in ~~64~~ 25 kleinhoewes verdeel en Kleurlinge het oordrag geneem. Volgens inligting

2/.....

is al die grond tans op die name van 50 Kleurlinge en 4 Blankes geregistreer.

Die grootste gedeelte van die grond is uiters geskik vir landbou en word aangewend vir die kweek van aarbeie, groente en blomme. Die aarbei-oes beloop tussen 200 en 300 ton per jaar en twee inmaakfabrieke het daar ontvangdepots opgerig. Beweer word dat sommige Kleurlinge 'n jaarlikse inkomste van R1,600 tot R2,000 het en dat die jaarlikse inkomste per morg op R500 tot R1,500 gestel kan word. Besproeiingswater vir ongeveer 60 morg word uit die Bloukliprivier wat die noordelike grens van die gebied vorm, verkry. Die ander bewerkbare grond word op die winterreën bewerk. Gedeeltes van 'n aanliggende stuk grond van 71 morg van die Stadsraad van Stellenbosch word ook aan die Kleurlinge verhuur.

In die gebied is 144 woonhuise waarvan die meeste nie vir bewoning deur Blankes geskik is nie. Daar is winkels, ontspanningsgeriewe en twee kerkgeboue. Op 'n aangrensende stuk grond van 5 morg het die Rynse N.G. Sendingkerk 'n skool teen R21,000 opgerig. Dit het tans 13 onderwysers en 450 skoliere.

Die gebied word as Plaaslike Gebied deur die Afdelingsraad van Stellenbosch beheer.

5. Die ad-hoc komitee van die Groepsgebiederaad meld in sy verslag -

(a) dat geen enkele persoon of liggaam van wie vertoë ontvang is die verklaring van Jamestown tot 'n Blanke gebied ondersteun nie. Daarenteen ondersteun die volgende liggame die behoud van die gebied vir die Kleurlinge - die Afdelingsraad, Stadsraad, Boerevereniging en Ned. Geref. Kerk van Stellenbosch;

3/....

(b) Jamestown is 'n _de facto_ Kleurlinggebied en daar heers geen wantoestande van deurmekaarboerdery wat verklaring van 'n groepsgebied noodsaak nie. Verklaring tot 'n groepsgebied vir Blankes word slegs uit die oogpunt van streeksbeplanning bepleit;

(c) dat Jamestown beskou moet word as 'n gebied waar Gekleurdes grond besit in 'n Blanke omgewing waar hul in die toekoms tussen die uitbreidende Stellenbosch van die een kant en Somerset-Wes van die ander kant vasgedruk en derhalwe misplaas sal wees. Buitendien is daar vir hulle plek in nabygeleë Kleurlinggebiede in dorpe;

(d) dat ondanks huidige gunstige omstandighede in die gebied, die groepskarakter daarvan as Blank reeds nou vasgelê moet word om onsekerheid uit te skakel, maar dat onmiddellike implementering daarvan nie nodig is nie. Deur die huidige eienaars toe te laat om dit te bly besit en okkupeer vir hul leeftyd, sal die oorgang baie geleidelik wees en sonder ontwrigting.

6. Die afdelingsraad en boerevereniging beklemtoon dat -

(a) die vreedsame Jamestown uiters geskik is vir die kweek van Kleurlingleiers waaraan daar so 'n tekort is;

(b) die Kleurlinge self of hul kerkgenootskappe met weinig koste vir die staat alle fasiliteite daargestel het ook tot voordeel van die Kleurlinge van omliggende Blanke plase;

(c) dit dien as arbeidsbron vir die omgewing soos karwei- en messelwerk, seisoensarbeid en gespesialiseerde werk soos die ent en snoei van wingerd en bome;

(d) baie inwoners selfstandige boere is en geen ander vorm van beroep of lewe ken nie.

7. Hoewel Jamestown slegs 100 morg groot is, is dit 'n gebied met 'n baie hoë landboupotensiaal. Met 'n

ı R500 tot R1,500 per morg per jaar, is 'n
.e grond 'n ekonomiese eenheid vir 'n
sin. Met uitsondering van Haarlem is die
' as enige ander bestaande landelike Kleurling-
ıar word ook intensief geboer op 'n wyse wat
by die leefwyse van die Kleurling aanpas.
.milieboerdery waarin die hele gesin saamwerk.
.t 'n soort boerdery met weinig mededinging
.ke, maar wat tog vir die volkshuishouding
is - aarbeie en groente in wisselbou.

t Jamestown sal die land 'n tipiese Kleurling-
. daardie Kleurlinge hul landelike karakter -
.saaklike behoudende element in enige bevolk-
verloor. Dit sal baie jammer wees as ook
pie gematigde Kleurlinge van die grond losge-
rooi tot die wisselvallige en maklik
'e stedelike gemeenskappe toegevoeg word. Dit
kan word slegs deur die gebied tot 'n lande-
nggebied te verklaar, waarvoor dit baie
Vanselfsprekend sal in so'n geval teen
etree moet word. 'n Groot gedeelte van die
werkers wat daar woon, werk op omliggende
ul geakkommodeer behoort te word.

'n persoonlike onderhoud wat ek 'n tydjie
nr. SMIT, L.V. vir Stellenbosch, aangaande
Pas gevoer het, het hy aan my laat blyk dat
unste daarvan is dat Jamestown as 'n
ied behou word.

e Departement kan hom in die lig van voor-
vereenselwig met die aanbevelings van die
eraad se ad-hoc komitee dat Jamestown reeds
tadium 'n groepskarakter moet kry nie en dat
rklaar moet word nie. Die Departement be-
epsverklaring nie op hierdie stadium nodig
indien dit wel nodig is, behoort Jamestown
rling voorbehou te word deur dit as 'n

5/.....

landelike Kleurlinggebied in te lyf. Die aangeleentheid word derhalwe vir u beslissing in beginsel voorgelê alvorens kommentaar aan die Departement van Beplanning gelewer word.

SEKRETARIS VAN KLEURLINGSAKE.
DATUM:

Goedgekeur dat die Departement van Beplanning meegedeel word dat ek met inagneming van alle faktore ten gunste daarvan is dat Jamestown -

as landelike Kleurlinggebied onder die Wet ~~van~~ op Landelike Kleurlinggebiede (Wet No. 24 van 1963) ingelyf word/

~~se groepskarakter nie op hierdie stadium bepaal moet word nie.~~

MINISTER VAN KLEURLINGSAKE.
DATUM: 3/4/64